

ST. KAREL BORROMEO

4 NOVEMBER

(1538-1584)

Op 22-jarige leeftyd was hy reeds kardinaal en staatsekretaris van die pous. In teenstelling tot soveel ander wat danksy familiebande op 'n jong ouderdom 'n hoë posisie in die Kerk ontvang het, neem hy sy amp ernstig op as 'n roeping van God. Sy dinamiese persoonlikheid en hardwerkendheid maak hom die dryfkrag agter die Kerk Konsilie van Trente wat noodsaaklike hervormings deurgevoer het. Hy word aangestel as aartsbiskop van Milaan en deel die bietjie wat nog oor was van sy familie fortuin onder die armes uit. Toe die pes epidemie Milaan tref en almal wat kon die stad uitvlug, het hy agtergebly en die sterwendes versorg. Hy was maar 46 jaar oud toe hy sterf.